# WAAROM VOORTREKKERS?

Piet Strauss

## Doel

Om die Verkenner te help verstaan waarom dit "in" is om 'n Voortrekker te wees

## Uitkoms

Verduidelik in 'n gesprek aan 'n nie-Voortrekker waarom jy 'n Voortrekker is en gebruik vyf argumente

## Doenwenke

- Gebruik akkurate syfers
- Die oorspronklike bron wat gebruik is vir die syfers in hierdie hoofstukke is die opname wat in 2005 gedoen is onder Voortrekker jeuglede sowel as nie-Voortrekkers van dieselfde portuurgroep.
- Jou kommandoleier sal 'n afskrif van die navorsing by hom hê
- Maak seker jy weet watter syfer pas by watter argument
- Oefen dit om 'n argument in so min woorde as moontlik te sê
- Som jou argumente vir jouself puntsgewys op
- Skryf dit vir jouself neer of
- Bou 'n Powerpoint voorlegging en verbeel jou dat jy die voorlegging aan 'n gehoor moet oordra
- Dink voor die tyd aan so veel as moontlik teenargumente
- Probeer dink soos iemand wat nie 'n Voortrekker is nie
- Sit jouself in daardie persoon se skoene en dink aan soveel moontlik redes waarom dit nie goed is om in die Voortrekkers te wees nie

## Slaggate

Dit kan jou verhoed om jou argument oor te kry indien jy:

- Nie seker is van die feite nie
- In die middel van 'n argument te twyfel oor die korrekte syfers
- Nie weet watter soorte teen argumente jy kan kry nie

“Waarom Voortrekkers?”

“'n Dom vraag”, hoor ek iemand wat van sy kleintyd af 'n Voortrekker is, sê. Die Voortrekkers bestaan immers al sedert 1931 en waarom nou, na meer as 75 jaar, hierdie vraag?

Hierdie reaksie by Voortrekkers is verstaanbaar, want vir baie van ons is Die Voortrekkers met sy kodes en al teen hierdie tyd so deel van ons lewe, dat ons hierdie vraag nie meer vra nie. Eintlik het party van ons nog nooit dié vraag gevra nie. Die antwoord is dan vanselfsprekend!

En tog is dit 'n vraag wat jy nog gereeld raakloop: tussen jou maats wat nie Voortrekkers is nie, met die soveelste bekendstelling van die beweging by die skool of wanneer jy dit aan iemand wat heeltemal 'n buitestander is, moet verduidelik.

Dit is veral as jy 'n ware ambassadeur van Die Voortrekkers is, as jy die beweging dikwels na buite bekendstel, dat jy hierdie vraag moet beantwoord. 'n Landswye opname onder Afrikaanse leerders van graad 10 tot 12 oor Die Voortrekkers wat onlangs gedoen is, het getoon dat 86% van die kinders dink dat min mense weet wat Die Voortrekkers doen.

Op die vraag watter voorstelle hulle vir die verbetering van Die Voortrekkers het, het 61% van die Voortrekkers wat aan die opname deelgeneem het, gevra dat die beweging beter bemarking en werwing in skole doen. Die voorstel wat die tweede meeste stemme getrek het, het maar 17% gekry.
As mens hierdie opname in gedagte hou en besef dat ons Voortrekkers ons beste advertensies is, wil dit voorkom asof julle die antwoord op hierdie vraag moet ken. Veral as 78% van die opname se Voortrekkers reguit sê dat hulle nie skaam is om te sê dat hulle Voortrekkers is nie én mens in elke geval nie aan 'n ding moet behoort waarvoor jy skaam is nie. Dus, as jy nie skaam is oor Voortrekkers nie, moet jy ook weet waarom daar

Voortrekkers is. En positief uitkom daarvoor!

## WAAROM VOORTREKKERS?

Teen hierdie tyd ken ek ook al die standaard antwoord wat baie van julle op hierdie vraag gee: “Ons doen lekker dinge by die Vories. Ons toer en kamp en bokjol. Dis avontuur man! Vories is 'by' en pret en glad nie outyds nie”.

Natuurlik is so 'n antwoord nie verkeerd nie. Ons doen lekker dinge by Die Voortrekkers. Ons toer en kamp en bokjol en gansdans en sokkie en is nie outyds nie. In die opname verklaar 86% van die Voortrekkers dat ons nie outyds is nie. Net 14% glo dat ons nie tred hou met moderne neigings nie. Daarby sorg Voortrekkers vir genoeg avontuur: veral natuurlik op selfbehoud- en veldkampe....

Maar, hierdie soort ding kan jy dalk ook op ander plekke kry. Om te kamp of te toer of te bokjol is nie noodwendig uniek aan Voortrekkers nie.

Waarom dan Voortrekkers? En wat maak Voortrekkers uniek?

Ons uniekheid lê nie noodwendig in elke ding wat ons doen nie, maar in hoe ons dit doen. Nie in die feit dát ons toer en kamp en bokjol nie, maar hoe ons dit benader. Laat ek verduidelik.

Teen hierdie tyd het jy ook al gehoor van die ABC van Die Voortrekkers. Hierdie ABC is wyd bekend en loop byvoorbeeld ook op webwerwe op die internet rond waar daar oor Voortrekkers in die geskiedenis van Suid-Afrika gepraat word. Die ABC het te make met die uniekheid van Die Voortrekkers. Dit beskryf ons karakter met net drie lettertjies. Dit sê dat Voortrekkers gaan oor *moderne Afrikanerskap* (ons is jong Afrikaners wat bou op die verlede, maar nie daaraan vaskleef soos mense wat outyds is nie), *positiewe burgerskap* (ons is hier om te bly en ons burgerskap uit te oefen, maar nie om die regering of enige ander politieke party na te praat nie) en *konsekwente Christenskap* (ons wil God in alles met alles dien).

Die feit dat ons hierdie drie elemente aan mekaar in 'n jeugbeweging verbind, maak ons uniek. Geen ander jeugbeweging in die hele wêreld doen dit nie. Gewoonlik sê ons ook dat Christenskap die ander twee moet bepaal sodat Voortrekkers Christen-Afrikaners (in ons kultuur- of volksband) en Christen-Suid-Afrikaners (in ons burgerskap) wil wees. As ons die ABC dus in ons eie volgorde sit, word dit CAB. Ook in hierdie opsig is ons uniek.

Daarom sokkie ons óók op Afrikaanse musiek, maar sonder drank en, hopelik, los ouens of meisies. Daarom toer en kamp ons graag in hierdie deel van Afrika, maar altyd in Afrikaans. Daarom het ons respek vir ons onderskeie lande se nasionale vlae en liedere, maar sonder om as beweging trou aan enige politieke party of groep te sweer. Daarom praat ons ook met ander jeuggroepe in Suider-Afrika om die korrekte beeld van jong Afrikaners oor te kry én te soek na dinge waarin ons kan saamwerk as burgers van die lande waarin ons woon.

Die Christelike geloof en godsdiens neem 'n belangrike plek in Voortrekkers in. Maar, Afrikaans en die feit dat ons Afrikaners wil wees, is ook hoog op ons spyskaart. Net soos die feit dat ons in ons omgewings of lande 'n verskil wil maak. Ons wil al ons dinge as Christen-Afrikaners doen!

Miskien is daar iemand onder julle wat teen hierdie tyd al wonder of hierdie ABC-ding van Die Voortrekkers nie tog outyds en uitgedien is nie? Of vandag se kinders daarin belangstel?

## A B C VAN VOORTREKKERS OUTYDS?

Dit bring my weer by die opname. Ek laat die syfers praat.

Van die hele opnamegroep sê 93% dat hulle trots is om Afrikaners te wees. Al kla 40% dat die negatiewe dinge uit die Afrikaner se verlede 'n effek op hulle lewens het. Boonop glo 80% dat Afrikaners deel uitmaak van die reënboognasie in Suid-Afrika (positiewe burgerskap). Van hulle is 75% daarvan oortuig dat Afrikaans 'n amptelike landstaal in Suid-Afrika sal bly, terwyl 89 % van hulle voel dat hulle 'n eie verantwoordelikheid teenoor Afrikaans het. Boonop wil 86% van hulle dat Afrikaans hulle eie gesins- of huistaal bly. Hulle voel ook sterk oor Afrikaanse skole: 65% wil hulle kinders eendag in sulke skole sien. Op al hierdie punte toets die Voortrekkers in die opnamegroep elke keer hoër.

Die groep voel dus sterk oor die A en die B in die ABC van Die Voortrekkers.

Maar ook oor die C toets hulle positief. As hulle praat oor die grondslag vir 'n jeugbeweging, wil 92% van hulle hê dat so iets- al is dit 'n kulturele beweging 'n Christelike grondslag moet hê. Ongeveer 49% van hulle is ook bekommerd oor die toekoms van die Christelike geloof in Suid-Afrika.

Maar, en dit is hier waar Die Voortrekkers ook kan help: 49% van hulle glo nie dat hulle eendag 'n gelukkige huwelik sal kan hê nie, terwyl 94% na 'n jeugbeweging- soek wat hulle kan help om lewensvrae te hanteer. Hulle is positief oor die C, maar sukkel om dit by alles van elke dag se lewe uit te bring. Hulle is ongelukkig ook nie opgewonde oor 'n eie gesin nie: 56% van hulle wil byvoorbeeld nie al oor 10 jaar as hulle byna dertig is kinders hê nie.

Waarom Voortrekkers? Die eerste en grootste rede is die ABC van Die Voortrekkers. En dit is nie outyds nie, maar dit wat jong Afrikaanssprekendes wil hê en nodig het.

En tog is dit nie die hele antwoord nie. Ek kan sommer aan nog 'n hele paar ander redes dink waarom daar Voortrekkers moet wees. Ek stip dit net aan en vra dat julle dit self krities bespreek en weglaat en aanvul soos julle goeddink:

## MEER REDES OOR WAAROM VOORTREKKERS

Die Voortrekkers

- gee aan jong Afrikaners 'n forum of platform van waar hulle hulle menings kan lug;
- ontwikkel jou leierskapspotensiaal;
- leer jou om in 'n span of groep saam te werk- ook waar lede van die teenoorgestelde geslag by is;
- ontwikkel jou Christelike geloof of verhouding met God en jou Christelike lewenswaardes;
- leer jou selfstandig dink;
- gee aan jou die geleentheid om deur nuwe kennis en nuwe kennisse (maats) te groei in jou menswees;
- help jou om lewensprobleme in die oë te kyk en te probeer oplos;
- bied jou gesonde ontspanning en hope sosiale en romantiese kanse!?;
- laat jou nuwe plekke sien;
- skep onvergeetlike tye van avontuur;
- vat jou see toe of veld toe of berge toe op 'n manier waarmee jy as ABC-kind gemaklik kan wees;
- help jou om te baklei vir Afrikaans;
- help jou om 'n verskil in jou land te maak;
- leer jou om die dinge uit ons verlede reg te beoordeel;
- help jou om normaal en spontaan om te gaan met ouer mense en die ander geslag;
- maak jou trots op jou eie;
- bou jou selfvertroue omdat alle ABC-kinders, hoe ryk of arm of gemiddeld ookal, hier 'n plek het;
- help jou om jou toekoms in hierdie deel van die wêreld beter te benader deur jou toe te rus vir dinge soos werksonderhoude, lewensuitdagings en probleme, denke oor die toekoms en gesonde lewenswaardes.